Verwysing: 20180313-421
12/2/8/25
Navrae: D Pillay / F Mitchell

Omsendbrief: 0015/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Kringspanbestuurders, Prinsipale en Opvoeders

Kort opsomming: *Registrasie en nasporing van leerders wat aan skoolverrykingsprogramme en naskoolse aktiwiteite deelneem.*

Onderwerp: Registrasie op SOBIS van leerders wat aan skoolverrykingsprogramme en naskoolse aktiwiteite deelneem

1. Leerderdeelname aan skoolverrykingsprogramme, akademiese en sportprogramme ingesluit, en naskoolse aktiwiteite is as 'n sleuteldryfveër by die provinsiale Spelwysigerprogramme beklemtoon.

2. Leerders se kanse om suksesvolle lewens te lei word verbeter as hulle by sodanige programme/aktiwiteite betrokke raak – veral in kwesbare gemeenskappe – deur die toewyding van opvoeders, prinsipale en strategiese vennote.

3. Daar word van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verwag om oor die getal leerders wat aan skoolverrykingsprogramme en naskoolse aktiwiteite deelneem by die Departement van Basiese Onderwys en 'n paar belanghebbers verslag te doen.

4. Skole bied 'n wye verskeidenheid verrykingsprogramme/-aktiwiteite aan en die WKOD kon nie akkurate data verskaf oor watter leerders aan watter programme/aktiwiteite deelneem en hoe dikwels nie.

5. Ten einde sy teiken om die getal leerders wat aan programme/aktiwiteite deelneem te verbeter en te haal vra die WKOD skole om leerders vir die programme/aktiwiteite wat skole tans op SOBIS aanbied te registreer. Programme/aktiwiteite word in die volgende kategorieë georganiseer:
   a) Sport
   b) Kuns en Kultuur
   c) Klubs en verenigings
   d) Burgerlike opvoeding en burgerskap

e) Akademies

6. Sodra leerders geregistreer is, behoort die funksie die skool, die WKOD of belanghebbers toe te laat om leerderbywoning, -vordering, -prestasie en die impak van programme/aktiwiteite na te spoor.

7. Die funksie op SOBIS sal ook die skool toelaat om:
   a) opvoeders verantwoordelik vir die bestuur van die program/aktiwiteit toe te ken; en
   b) leerderbywoning met die hand of aanlyn vas te lê en na te spoor.

8. Die WKOD is van voorneme om skole met die bestuur van die proses te ondersteun deur opgeleide assistente beskikbaar te stel om met die vaslê van data en die naspoor van leerderbywoning by geïdentifiseerde skole te help.

9. Leerderbywoning by programme/aktiwiteite kan met die hand opgeteken en agterna op SOBIS vasgelê word of, waar daar toegang tot die internet is, onmiddellik aanlyn gedoen word. Meer besonderhede oor die vaslegging van leerderbywoning sal binnekort aan amptenare en skole oorgedra word.

10. Die funksie op SOBIS kan gebruik word deur te gaan na:
    a) die "***Administration***"-opsie;
    b) "***School Enrichment programmes***"; en
    c) "***Capture Screens***".

11. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief aan alle belanghebbers beskikbaar te stel.

GETEKEN: A LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-03-20